



PRIVAATSKOOL MORIA

Tel : (00264) -67 313 051 Faks : 067 313 023
Posbus 408, Outjo, Namibië, 9000 Web : www.privaatskool-moria.com
@ E-pos : admin@psmoria.com



KENNISGEWING

16 Maart 2020

Geagte ouers

Ek vertrou dat almal nou weet van die gevolge van "Covid 19" op die onderwys in ons land. Ek glo dat almal die boodskappe op sosiale media gesien het. Ons het noodgedwonge ons program vir die jaar aangepas en u kan gerus wees dat ons geen akademiese tyd verloor met die huidige verandering van datums nie. Die tweede termyn gaan nou langer as normaalweg wees en ons wil nie te veel veranderinge op die program aanbring nie, maar ons het ook gekyk na langnaweke vir die kinders wat ver van die huis af is en 'n ekstra langnaweke geskeduleer vir die 10de Julie.

Van die bestuur en direksie se kant af wil ons die volgende weer bevestig:

- NAPSO-vakvergaderings is afgestel.
- NAPSO-atletiek is afgestel.
- Woestynfees is afgestel .
- Kuber kultuurfees is afgestel.
- O/16 en O/18 Rugby-proewe en Raadsbeker is voorlopig uitgestel.
- Die skool begin weer op Dinsdag, 14 April (7:30)
- Die eerste vorderingsverslae van u kind se akademie word op 30 April uitgestuur.
- Ons het geen amptelike inligting oor die Nasionale atletiek-kampioenskappe nie.

Op hierdie stadium gaan die res van die jaar bly soos op die skakelkomitee se program. U kan u gereedmaak dat daar gedurende die tweede termyn nog verandering van datums gaan plaasvind, maar dit sal ons op Moria se uitsaigroep en "Whats App"-groepe deurgee. **Maak asseblief seker dat u die nuwe veranderde aangehegde skakelkomiteeprogram lees.**

SPESIALE BOODSKAP AAN DIE Matrieks EN Matriekouers:

U kan gerus wees dat onderwysers hulle akademiese beplanning aanpas by hierdie verandering. Daar is wel inligting en werk in sekere vakke wat leerlinge vir die vakansie sou kry. Die onderwysers gaan dit nog altyd vir julle gee. **Ons het reeds op die matrieks se "Whats App"-groep gevra dat elke matriekleerling sy/haar selnommer en e-posadres vir Me. Jakomien Steenkamp stuur.** Daar is ook reeds onderwysers wat hulle eie "Whats App"-groepe vir hulle vakke het. In sekere vakke gaan ons dus vir julle jul opdragte stuur. Maak asseblief seker dat julle die e-posse lees of dat ouers hierdie e-posse en boodskappe vir julle kinders sal deurgee.

BELANGRIKE WAARSKUWING:

Hierdie is nou vakansietyd, maar die beste en vinnigste wat ons hierdie virus gaan bekamp is om nie ons kinders in inkopiesentrums of by plekke af te laai waar daar baie mense saamkom nie. **Vermyn sulke plekke**, anders is daar geen nut daarin dat ons die skole toemaak nie. Kom ons skerp dit ook in by ons kinders dat **higiëne baie belangrik** is en kom ons pomp ons almal se **immuunstelsel** tot 100%.

Geniet die vakansie saam met u kinders.

LOUTJIE GROBLER
SKOOLHOOF



■ BEDRYFSAKE:

Geagte Ouers

DIREKTEURSVKIESING

Hiermee 'n nuwe kennisgewing vir die komende Direkteursverkiesing met veranderde datums a.g.v. Moria se vervroegde vakansie. (Hierdie brief vervang vorige brief wat op 11 Maart 2020 aan u uitgestuur is).

Die werkswyse is as volg:

- U ontvang nou 'n nominasiebrief ten einde Direkteure te nomineer. Nominasiebriewe moet **Dinsdag, 14 April 2020** by die administratiewe kantoor (Sanette Robberts) ingehandig word.

Daar het twee vakatures ontstaan in die plekke van Mnre. Pieter-Willem Esterhuizen (herkiesbaar) en Mnr. Neels van Zyl (nie herkiesbaar) Alle ouers wat **reeds 'n volle skooljaar** by die skool is, is nomineerbaar.
- Op **Vrydag, 17 April 2020** ontvang u die stembriewe met genomineerde kandidate per e-pos.
- Die stembriewe moet **Maandag, 27 April 2020** teruggestuur word skool toe (admin-kantoor) in 'n geslote koevert of per e-pos (admin@ps.moria.com).
- Die stemming sluit **Maandag, 27 April 2020 om 10:00**.
- Die stembriewe sal gekontroleer word en 'n amptelike stemtelling sal gehou word. Uitslag sal so gou moontlik bekend gemaak word.

Dankie vir u betrokkenheid by hierdie belangrike skoolaangeleentheid.

Groete!

NEIL PRINSLOO
BEDRYFSHOOF

